

**VERSLAG VAN DIE ONDERSTEUNINGSBEDIENING VIR KOMMUNIKASIE, PUBLIKASIE EN ARGIEF AAN  
DIE SESDE GEWONE VERGADERING VAN DIE VGK STREEKSINODE KAAPLAND 2014**

*Hiernaas genoem kommissie*

Geagte Voorsitter en lede van die vergadering

Graag doen ons verslag van ons werksaamhede die afgelope reses:

**‘n Kerk wat nie slaag om met sy/haar lidmate te kommunikeer nie, gaan stadig dood...**

**A. ALGEMEEN**

1. Personeel van die kommissie

Die Kommissie het twee lede wat bedank het nl. Di. DDJ Kuys en W Philander. Ds. Kuys het bedank a g.v. botsende belange en ds. Philander a g.v. gemeente verpligtinge .

Die res van die kommissie bestaan uit : Di LL Prins ( Voorsitter) , K Keffers ( Skriba) , Dr. P van Niekerk , Ev. N Vinqi, Brs J Robertson, J Makhapha, N Vers, Susters S Hamman en T Shai

2. Personeel van Lus boekwinkel

Gerrit Fortuin ( Boekwinkel Klerk ) , Menecia Mars ( Boekwinkel assistent) Edna Petersen ( Boekhouer) en Collin Anthony ( Finansiële beampte).

**B. KERKARGIEF**

1. **Argief :**

Ons sinode koop argiefdienste aan by die argief te Stellenbosch. As kommissie is ons tevrede met die gehate van die diens wat ons by die argief te Stellenbosch kry. Ons nooi gemeentes uit om van die diens gebruik te maak.

Adres : [Die Argief](#)

[NG Kerk in Suid-Afrika](#)

[Posbus 34](#)

[STELLENBOSCH](#)

2. Die toestand het versleg. Ten spyte van die vorige en die 2010 sinode besluite. Die argivalia (ons geskiedenis) word grootliks afgeskeep, dit is asof die diens vir die nageslag nie meer vir gemeentes belangrik is nie. Ons pleit by gemeentes om hulle argivalia (notuleboeke, konsistorieboeke, aankondigingboeke, doop en lidmaat afskrifte ens. gereeld aan die Argief te voorsien.
3. Die kommissie stel die volgende voor ten opsigte van reglement vir die indiening van Doop en Lidmaat voorskrifte: ***Doop en lidmate registers kan ook elektronies ingedien word daardeur direk op te stuur na die Argief kantoor met verslagdoening aan die Ringskriba.***

Dit kan ook as volg plaasvind :

3.1 Elektroniese indiening van doop en lidmaat registers kan ook soos volg geskied:

*Sien aanhangsel oor : **Aangangsel 1 Enkele verduidelikende notas oor Doop- en Lidmaatregisterafskrifte?***

#### 4. Wie dra die kostes?

Die verdeling van die argief kostes tussen ons Kaaplandse Sinode en die Algemene Sinode skep 'n wanbalans. Die argief se rakspasie kostes is veronderstel om regverdig verdeel te word. Die verdeling sal deur iemand gedoen moet word en deur die Algemene Sinode en Kaapland se argiefkommissies sal die verdeling moet bekragtig.

4.1 Ons argief kluis te Belhar benodig baie sorteer werk.

### C. LUSBOEKWINKEL

1. **Personeel** : Gerrit Fortuin ( Boekwinkel Klerk ) , Menecia Mars ( Boekwinkel assistent) Edna Petersen ( Boekhouer) en Collin Anthony ( Finansiële beampte) .
2. **Slegte skuld** :  
Die boekwinkel se slegte skuld beloop meer as R800,000. 00. Die grootste komponent hiervan is rente wat gehef word op slegte skulde . Die kommissie het besluit om diegene wat skuld te help deur die rente vir 'n jaar te vries, indien hulle aftrekorders teken om hulle skuld binne 12 maande te betaal. Indien hulle binne 90 dae betaal sal 50% van die rente afgeskryf word. Hierdie Sinode en die Sinodale kommissie het in die verlede ernstige besluite geneem en stappe teen die slegte skulde geneem, maar met geen of weinige reaksie.  
Aangeheg is 'n verslag ( **Aanhangsel 2**) slegte skuld van ± 5 tot 10jaar

### **3. Opsomming van Finansiële state sien verslag van die Bediening vir Finansiële Administrasie .**

In die afgelope boek jaar was daar 'n verlies van R 40,054.00

### **4. Verhouding met CLF**

Die Kommissie en CLF het 'n vennootskap ontwikkel tot groter samewerking om Lusboekwinkel optimaal te benut en 'n koste-effektiewe diens aan die VGK te lewer.

### **5. Verhouding met die Algemene Sinode**

Soos in die verlede ontvang ons geen riglyne van die Algemene Sinode nie. Dit beteken ons kan nie enige publikasies aan die sinode, ringe, gemeentes en lidmate lewer nie. Die Algemene Sinode het oor 'n ooreenkoms met Bybel-media vir die ontwikkeling van kategetiese materiaal.

### **6. Gewilde publikasies**

Die topverkoper is steeds die Nuwe Sionsgesange , verskillende Kategetiese handleidings, kerkordes en Bybels. Kerk materiaal soos vorms verkoop nie meer so goed nie, omdat baie gemeentes dit elektronies te ontvang.

Ten spyte van 'n vaste onderneming deur die Bediening vir Christelike opvoeding om 'n Handleiding vir Junior Kategetiese gereed te hê, is geen manuskrip vir publikasie ontvang nie.

7. Bybel-Media (BM) hou die kopiereg tov die gesange wat uit die NG Kerk se destydse Psalm-en-Gesangeboek in die NS opgeneem is. As deel van daardie ooreenkoms, sodat daar nie tantieme op elke individuele lied betaal hoef te word nie, is ooreengekom dat BM elke keer die nuwe druk/uitgawe van die NS hanteer. Op die kosprys neem BM 'n 20 persent toeslag.

In die afgelope jaar het BM 'n nuwe uitgawe hanteer. BM het die teks opgradeer en heelwat foute, veral in die inhoudsopgawe, reggestel en die uitleg van die teks verbeter. 'n Grootdruk-uitgawe het ook die lig gesien.

Verder is 'n elektroniese weergawe van die NS vir dataprojeksie in kerkgeboue gereed gemaak. Die lisensie word vir so min as R300 per jaar dmv die CCLI (Christian Copyright Licensing Institute) aan gemeentes beskikbaar gestel. Enige projeksie van enige lied vanuit die NS sonder so 'n lisensie is kopieregskending en tegnies 'n strafregtelike oortreding. 'n Baie klein getal gemeentes het reeds die lisensie uitgeneem.

### **8. WEBWERF VIR LUSBOEKHANDEL**

Lusboekhandel het in vennootskap met CLF, 'n mooi webwerf geskep naamlik ([www.lusboekwinkel.co.za](http://www.lusboekwinkel.co.za)). CLF dra die ontwikkelings en deurlopende kostes. Die webwerf word deur die personeel van die boekwinkel aangevul en deur CLF afgerond. Verdere

beplanning om e- posbemarking na gemeentes te doen, is ook ter tafel gelê en sal geskied sodra meer volledige e-pos adreslyste verkry word.

#### **D. KOMMUNIKASIE**

1. Op 26 Februarie 2014 het 'n verkennende gesprek rakende kommunikasie op versoek van dr. Ben du Toit by die Sentrum vir kommunikasie , NGK Wes- en Suid –Kaapland plaasgevind. Dit blyk dat beide die NGK en die VGK 'n behoefte daaraan het dat daar in 'n gesamentlike proses besin word oor die toekomstige kommunikasie van die twee sinodes. Sedert 2000 dien *VrydagNuus*, die elektroniese nuusbrieff wat weekliks vanuit die Sentrum vir Kommunikasie aan die NGK-en VGK –kollegas gestuur word, hierdie doel. Die oorspronklike ooreenkoms was dat hierdie diens deur 'n gesamentlike kommunikasie sou uitgevoer word.

Dit was van die ontstaan van Sentrum van Kommunikasie , as die ideaal beskou dat dit 'n eenheidstruktuur binne die NG Kerkfamilie sou wees en gesamentlik deur 'n kommunikasie aksie van die NG Kerkfamilie bedryf sou word. Dit sou nie net 'n NG Kerk aangeleentheid wees nie. Dit kan gesien word in die naam vir die internet-domein wat gekies is , naamlik [www.kaapkerk.co.za](http://www.kaapkerk.co.za) ( en nie iets soos byvoorbeeld [www.ngkerk.co.za](http://www.ngkerk.co.za) ). Die bedoeling was duidelik : dit het gegaan oor die kerk in die Kaap waarby beide VGK en NGK hulself tuis sou kon voel.

Daar moet duidelike erkenning gegee word aan die behoefte van die VGK vir die vertaling in Engels en Xhosa- hierdie kapasiteit sal 'n prominente punt op die agenda van gesprekke oor kommunikasie moet uitmaak.

Ons vertrou dat die sinode goedkeuring verleen daaraan dat die aangewese persone verdere gesprekke van die NG Kerk in hierdie verband voortsit .

2. Die Bediening het ook 'n konsep kommunikasie beleid opgestel vir die Kaapland Sinode ;  
Sien ***aanhangsel 3***

**Aanbeveling** : Die sinode keur die konsep kommunikasie goed.

#### **E. BEGROTING**

##### **1. Werkswinkels**

Die Kommissie het 'n begroting van R60,00.00 ingedien, om vier werksinkels vir die opleiding van skribas te hou. Die werksinkels sal gehou word Wes-kaapland, Suid Kaapland, Oos-Kaap en Namakwaland.

##### **2. Vergadering kostes**

Dit kos die bediening afhangende van die getal van en afstand gereis deur die lede tussen R15,00 en R 23,000.00. per vergadering.

Die Bediening kry geen fondse uit die sinodale kas nie!

#### **F. AANBEVELINGS**

1. Die sinode versoek Ringe en gemeentes om Kerkorde bepaling 36 na te kom t o v die indiening van argief stukke
2. Die sinode versoek die Bediening om werkswinkels te reël vir skriba t o v die versorging van argivalia en die voor bereiding vir die elektroniese indiening van Doop en Lidmaat registers.
3. Die Sinode spreek haar diepe kommer oor die stand van slegte skuld en herhaal haar opdrag aan die Bediening om alle wee te ondersoek om die slegte skulde te verhaal.
4. Die Sinode moedig gemeente en lidmate aan om gebruik te maak van Lusboekwinkel se webwerf nl. [www.lusboekwinkel.co.za](http://www.lusboekwinkel.co.za) om bestellings te plaas.
5. Die sinode besef die historiese karakter, plasing en erfenis van die Lusboekwinkel. Tog, hoort die lewensvatbaarheid van die winkel se strategiese besigheids onvriendelike ligging en die huur van die perseel oorweeg te word. Dit moet egter geen nadelige invloed op die menslike hulpbronne se toekoms inhou nie.
6. Die sinode keur die konsep beleid van kommunikasie goed .
7. Die sinode keur dit goed dat gemeentes elektronies indiening van Doop en Lidmaat afskrifte direk aan die Argief kantoor gestuur kan word met kennisname aan die Ringskriba.
8. Die sinode spreek haar dank en waardering uit teenoor die personeel vir hulle bekwame manier hoe hulle die sake van die bediening en Lusboekwinkel hanteer. Die sinode spreek ook haar gelukwensing uit teenoor Mev. Edna Petersen vir haar 30jaar in diens van die Kerk.

***Die Sinode word 'n geseënde en vrugbare sitting toegewens***

Di LL Prins ( Voorsitter ) , K Keffers ( Skriba ) , Dr. P van Niekerk , Ev. N Vinqi, Brs J Robertson, J Makhapha, N Vers, Susters S Hamman en T Shai